

MOTORING MIRROR®

31 March 2017

www.motoringmirror.co.za

Margaret Lombard

081 710 6540

listings@motoringmirror.co.za

Reynders Brough

084 633 5966 | 014 592 5653

reynders@mobro.co.za

Tshiamo Mekgwe

014 592 9677

info@platinumweekly.co.za

Geen brieke op voedingskema!

Rustenburg – Laerskool Dawid Brink het al 'n klompie jaar gelede 'n voedingskema van stapel gestuur om vir hul minderbevoorregte leerlinge 'n eet- en drink item te verskaf. Met die samewerking van verskeie besighede en instansies van die stad, is hierdie projek 'n sukses.

Hulle voer sowat 170 kinders op 'n daaglikse basis – maar die behoefte is groot. Vir Claudia Bester, aan die stuur van Laerskool Dawid Brink se voedingskema, is dié voedingskema nie net een van die skool se belangrikste projekte nie, dit is ook baie na aan haar hart. “Daarom waardeer ons hartlik enige en alle bydraes van die gemeenskap,” aldus Bester.

Lew van der Nest van *Learn Fast* en sy vrou, Ina, het op Woensdag, 29 Maart 2017, offisieel blad geskud met die skool en sal voortaan op Vrydae die voedingskema behartig. “Vir ons is dit 'n seëning om betrokke te wees by ons gemeenskap. Ons is in staat daartoe deur die ondersteuning van Super Group Leon's Rustenburg – sonder hulle sou hierdie betrokkenheid van ons nie moontlik kon wees nie,” sê Lew van der Nest in 'n onderhoud met die *Platinum Weekly* koerant.

Leon's Auto verskaf voertuie aan *Learn Fast* om hul leerlinge touwys te maak agter die stuur van 'n kar. Die hupstoot gun *Learn Fast* leerlinge om bestuurslisensies aan te skaf met 'n nuwe motor.

In die foto is die nuutste Ford Figo model, die mees onlangse motor wat Leon's Auto aan *Learn Fast* leen vir gebruik.

“Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om in spesifiek Christo Henning, handelaarshoof by Leon's Auto, te bedank vir hul betrokkenheid by *Learn Fast* sodat ons weer op ons beurt 'n positiewe verskil kan maak aan die gemeenskap,” sê Van der Nest.

Marlene van Straten, adjunkhoof by Laerskool Dawid Brink, maak ook gebruik van die geleentheid om beide *Learn Fast* en Leon's Auto te bedank, direk en indirek, vir die betrokkenheid by die voedingskema.

“Ons glo in veilige bestuur en gemeenskapsbe-

trokkenheid. Ek daag enige iemand, oud of jonk, wie hul lisensie by *Learn Fast* verkry het, om my te besoek aangaande ons nuutste Ford Figo model – hier wag afslag vir jou,” sê Michelle Herridge, van Super Group Leon's Rustenburg.

Indien enige iemand wil betrokke raak by die Laerskool Dawid Brink voedingskema, kontak Claudia Bester gerus by 014-596 5059.



**7 Von Wielligh Street
Rustenburg
Tel: 014 592 8651
sales@batterydoc.co.za**

**CHECK
OUT THE
ALL NEW
PLATINUM
WEEKLY
WEBSITE**

NEW BATTERIES FROM: R 690
RECONDITIONED BATTERIES FROM: R320
T & C APPLY

NEW BATTERIES
RECONDITIONED BATTERIES
MOTORCYCLE BATTERIES
BATTERY ACCESSORIES
DIAGNOSTIC SERVICES

